

# Lek Aanvulling in die Droë Seisoen

(Geskrif deur: Raché Stofberg, Diervoedingskundige, Wesfed voere) Oktober 2015

**G**edurende die droë seisoen is weidende skape en beeste nie in staat om op weidings hul liggaams kondisie en tempo van produksie te onderhou nie. Die doel van 'n lek is om die belangrikste nutriënt tekorte wat in weidings voor kom aan te vul. Wanneer die tekorte in weidings aan gevul is, lei dit tot optimale verbruik van weiding, verhoogde produksie, sowel as beter reproduksie syfers.

Daar word 'n drastiese verlaging in die proteïen inhoud en meeste van die mineraal elemente in droë seisoen weidings gesien, terwyl die vesel vlakke toeneem. Die energie inhoud van die weidings neem nie so drasties af nie, maar kan later in die droë seisoen waargeneem word. Gedurende die vroeë droë seisoen maand, sal die weidings nie die proteïen behoeftes van die diere bevredig nie, maar wel die energie behoeftes indien gras innames bevredigend is.

Die aanvulling van nutriënte wat 'n tekort is in droë weidings, het 'n stimulerende effek op 'n dier se aptyt en verbeter die vertering van droë weidings, wat dan die weiding innames verhoog. Dit verminder ook die kans van kondisie en gewigs verliese, dus verbeter vrugbaarheid. Sonder effektiewe proteïen aanvullings op droë weidings, sal teel ooie en koeie nie hul gewenste kondisie telling bereik teen die begin van die teel seisoen nie. Die gevolg is dan swak konsepsie syfers en laer lam/kalf persentasies.

'n Lek moet altyd 'n aanvulling en nooit 'n vervanger van weiding wees nie. Lek aanvullings moet daarom op so 'n basis op gemaak word dat innames gemonitor kan

word op 'n aaneenlopende basis. Dit verseker dat diere nie 'n tekort aan hierdie belangrike minerale ontwikkel nie.

Diere wat groot innames van lekke inneem, is 'n indikasie van sout honger, wat ontwikkel wanneer diere vir 'n lang tydperk nie aanvullende voeding ontvang het nie. Indien dit in so geval 'n proteïen aanvulling is, kan dit lei tot ureum vergiftiging. Daarom is dit belangrik dat lekke altyd na aanpassing *ad lib* gevoer moet word sodat daar 'n konstante daaglikse inname is.

## Proteïen Aanvulling

Proteïen is een van die mees belangrikste tekorte by droë weidings, en gewigs verliese van 25-30% kan in sulke gevalle waargeneem word. Hierdie gewigs verliese kom veral voor wanneer die ru-proteïen inhoud van die weidings tot 4% of laer daal. Die verliese word nie net toegeskryf aan 'n proteïen inname tekort deur die dier nie, maar ook aan 'n afname in die dier se mikro-organismes populasie in die rumen.

Die sleutel tot optimum aanvulling van droë seisoen weiding is om voldoende rumen degradeerbare proteïen (RDP) te verskaf, om gras inname te maksimiseer, en voldoende ondegradeerbare proteïen (UDP) vir die vlak van prestasie benodig. As hoër vlakke van prestasie benodig word, moet energie verskaf word in aansienlike hoeveelhede wat voldoende is om te kompenseer vir verlaagde innames van gras.

Die verlaging in die mikrobiële populasie in die rumen, lei tot 'n drastiese verlaging in die dier se weiding inname, gewoonlik omtrent

1.5% van die dier se liggaamsmassa. Hierdie organismes is verantwoordelik vir die vertering van gras of ander voer wat die dier inneem. Effektiewe rumen funksie hang af van voldoende stikstof verskaffing om as 'n substraat te dien vir die groei van sellulitiese bakterië. Maksimalisering van mikrobiëse proteïen produksie, benodig proteïen en energie bronne met soortgelyke afbreek tempo's. Droë seisoen voere benodig gewoonlik aanvullende stikstof, en dit word meestal verskaf as nie-proteïen-stikstof (NPN, ureum). Dit word vinnig in die rumen afgebreek, en daarom word 'n vinnige beskikbare energie bron (soos melasse) ook benodig, sodat dit nie in die sisteem verloor word as ammonia nie. Daarom word daar gesê dat mens die mikro-organismes voer, en nie noodwendig die dier nie.

Die rumen benodig 'n bron van stikstof vir maksimum verskaffing van verteerbare nutriënte, en deurvloei proteïene word benodig wanneer mikrobiëse proteïen nie voldoen aan produksie behoeftes nie. Die grootste effek van aanvulling met 'n proteïen bron, wat rumen-degradeerbare proteïene bevat, is om die aktiwiteit van die sellulitiese mikro-organismes te verhoog en dus vinniger vertering van droë gras tot gevolg te hê. Innames kan met 30-40% verhoog.

Diere prestasie en optimale funksionering van die immunitestelsel word nadelig beïnvloed wanneer diere blootgestel word aan proteïen tekorte op droë weidings en stoppel lande. Lae weerstande as gevolg van swak immunitet sal diere meer vatbaar maak vir bakteriële en virale siektes, terwyl diere ook swakker op inentings sal reageer.

### Spoor Mineraal Aanvulling

Proteïen aanvullings op droë weidings, kan 'n kudde se kalf/lam persentasie met 80% verhoog. Om selfs hoër persentasies te bereik, 95% en meer, is 'n gebalanseerde spoor

mineraal aanvulling belangrik. Spoor minerale speel 'n belangrike rol in die metaboliese prosesse in die herkouer, en is veral verwant aan vrugbaarheid en reproduksie.

Dit is belangrik dat spoor minerale op 'n gereelde basis gevoer word deur lekke. Wanneer tekens van mineraal tekorte opgemerk word, is dit al reeds te laat om behandel te word, en sal groot ekonomiese verliese tot gevolg hê. Maak dus seker dat die produk wat in die droë seisoen gevoer word, geregistreer is as 'n proteïen én spoor mineraal aanvulling.

### Wesfed Voorstel

Die **Wesfed Stoppellek 33** is 'n proteïen-mineraal lek blok vir skape en beeste vir die gebruik op droë lande waar natuurlike weidings nie voldoen aan die nutriënt behoeftes van die dier nie. Soos byvoorbeeld stoppel lande.

**Tabel 1** Samestelling van Wesfed Stoppellek33

<b>Produkkode</b>	Z02-200		
<b>Reg. Nr</b>	V 22763		
<b>SAMESTELLING</b>			
<b>NUTRIENT</b>	<b>MIN</b>	<b>MAX</b>	<b>EENHEID</b>
<b>Proteïen</b>	330		g/kg
<b>% van NPN</b>		85.3	%
<b>Ureum</b>		100	g/kg
<b>Kalsium</b>	15		g/kg
<b>Fosfor</b>	8		g/kg
<b>Magnesium</b>	6		g/kg
<b>Swael</b>	6		g/kg
<b>Mangaan</b>	200		mg/kg
<b>Koper</b>		40	mg/kg
<b>Kobalt</b>		0.5	mg/kg
<b>Jodium</b>		2	mg/kg
<b>Sink</b>		350	mg/kg
<b>Selenium</b>		1	mg/kg
<b>Vitamiën A</b>	20 000		ui/kg
<b>Vitamiën E</b>	30		ui/kg

**Stoppellek 33** bevat hoë konsentrasies ru-proteïen en spesifieke vitamienes om die gesondheid en algehele produksie van die dier aan te help.

### Voorgeskrewe innames:

Skape → 80 – 120 g/dag  
Beeste → 500 – 600 g/dag  
Lakterende koeie → 600 – 700 g/dag



### Samevatting

Die aanvulling van 'n proteïen-mineraal lek aan ruminante diere op droë weidings is essensieël, want die voedingswaarde van die weiding is te laag om normale produksie en reproduksie te onderhou. Die effekte van ondervoeding in die droë seisoen kan huidige produksie, sowel as toekomstige lewenslange prestasie van 'n kudde beïnvloed. Die tempo van liggaamsmassa verliese op swak, droë weidings, word drasties verminder indien proteïen aanvullings verskaf word. Daarom moet produsente nie vra wat 'n proteïen lek hul gaan kos nie, maar eerder of hulle dit kan bekostig deur dit nie te voer nie. **W**



Email: [rache@wesfed.co.za](mailto:rache@wesfed.co.za)

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 662 2829

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310